

**Die Dood van  
Francisco d'Almeida**

## INLEIDING.

---

Op 1 Maart 1510 het die Portugese onderkoning, Francisco d' Almeida, wat met 'n vloot op die terugreis na Portugal was, met 'n vyftigtal van sy aansienlikste manne op die strand van die Tafelbaai in 'n geveg met die Hottentotte gesneuwel. Hy was 'n belangrike persoon en kan naas Vasco da Gama en Alfonso d'Albuquerque genoem word as een van die stigters van die Portugese koloniale ryk in Indië. In die groot seeslag voor Diu in 1509 het hy die Mohamedaanse seemag in die Ooste verpletter; en sy beroemde opvolger, d'Albuquerque, kon toe van hierdie verswakking van die vyand gebruik maak en deur die besetting van die belangrikste strategiese punte 'n vaste basis aan die Portugese mag in Indië gee.

Dit spreek vanself dat die dood van die onderkoning groot opskudding in Portugal verwek het; en die gebeurtenis word deur verskillende beriggewers breedvoerig vermeld. Die beskrywing is, wat besonderhede betref, taamlik uiteenlopend; en hierin word miskien weerspieël die toestand van totale verwarring en magteloosheid waarin die Portugese gedurende die geveg verkeer het. Die beskrywing wat hier volg, is dié van Joano de Barros (1496—1570), die grootste Portugese historikus van daardie tyd. Theal het uittreksels uit

sy *Asia* in *Records of S.E. Africa*, VI, blss. 1 vv., afgedruk en vertaal. Die leser word daarheen verwys—veral na blss. 298 vv. In II, blss. 45 vv., is die beskrywing van Correa; in V, blss. 399 vv., dié van De Castanheda; en in III, blss. 134 vv., dié van De Goes. 'n Vergelyking van die verskillende berigte met mekaar openbaar groot afwykinge.

## DIE DOOD VAN FRANCISCO D'ALMEIDA.

---

In Mosambiek het [die onderkoning] vier-en-twintig dae vertoef, want 'n lekkasie in die *Belem* moes reggemaak word. Van daar het hy sy reis voortgesit, en met gunstige weer het hy om die Kaap die Goeie Hoop geseil. Asof die end van die reis reeds bereik was<sup>(1)</sup>, roep hy toe uit: „God sy geloof! Nou is dit duidelik dat die towenaars van Cochin leuenaars is!” Die rede hiervoor was 'n voorspelling van sommige in Indië dat hy nie die Kaap sou omseil nie, en hierdie voorspelling het volgens gerug sy oorsprong by die towenaars van dié land gehad.

Daar hulle water nodig gehad het en die *Aguada de Saldanha*<sup>(2)</sup>, waarvan ons reeds geskrywe het en waar skepe water kon inneem, naby die Kaap was, het hy aan die stuurmanne bevel gegee om hom daarheen te bring. Om nou die manskappe 'n bietjie ontspanning te verskaf ná die eentonig-


---

(1) Op die terugvaart uit Indië het die Portugese die kus van Natal tot aan die Kaap, en veral die laaste stuk daarvan, as die allergevaarlikste deel van die hele reis beskou; en eers as hulle die Atlantiese Oseaan bereik het, het hulle hul veilig geag. Vgl. die *Itinerario* van Jan Huygen van Linschoten aangehaal op bls. 64.

(2) Die teenswoordige Tafelbaai het sy eerste naam *Aguada de Saldanha* (die waterhaalplek van Saldanha) in 1503 gekry, toe 'n groot Portugese vloot onder Antonio de Saldanha daar water ingeneem het. Die Nederlandse skeepsvoog, Joris van Spilbergen, het dit in 1601 herdoop met die naam wat dit vandag nog dra.

heid van die see, het hy sommige wat met die watervate aan land gegaan het, toegelaat om met die neërs, wat op die strand hulle verskyning maak het sodra die skepe geanker was, handel te drywe. Die neërs het heeltemal eie geword met ons mense en vee aan hulle verruil vir stukke yster en doek, wat hulle hoog waardeer; en 'n paar van ons kêrels het toe verder verlof gekry om met die inboorlinge na hulle dorpe toe te gaan byna 'n uur van daar. Op hierdie ekspediesie het die neërs van party messe gesteel en ook ander dinge, waarin hulle sin gehad het. Om hierdie brutaliteit te wreek het een van die kêrels, Gonçalo, 'n diensbode van die onderkoning, twee van die neërs met hom saamgevoer onder die voorwensel dat hulle van die goed moes dra wat hy gekoop het; maar hulle was huiwerig om saam te kom, want hulle was agterdochtig en het gevrees dat sy bedoeling nie suiwer was nie. Toe wou hy hulle met geweld dwing, maar hulle gooi die goed neer en het hom so toegetakel dat hy met stukkende tande en 'n gesig vol bloed voor die onderkoning verskyn het.

By die onderkoning was toe juis verskillende persone wie se diensbodes dieselfde mishandeling van die neërs ondervind het, veral een met die naam Fernando Carrasco, 'n bediende van Jorge de Mello; en hulle was so kwaad dat hulle die onderkoning beweeg het om die neërs in hulle dorp te gaan straf. Hy het ingewillig, nie so seer omdat hy self kwaad was nie, maar om die adellike here te bevredig, ofskoon sommige van hulle teen die



DOOD VAN D'ALMEIDA.

Uit Van der Aa se *Gedenkwaardigste Zee- en Land-Reysen.*

(Foto A. Elliott.)

aanval was, soos b.v. dom Lourenço de Brito, Jorge de Mello en Martin Coelho.

Die dorpe was 'n bietjie verder op as die plek waar die skepe geanker was, en die volgende dag, om die afstand te voet te verkort, het die bote dus met omtrent 'n honderd-en-vyftig man, die fleur van die hele geselskap, langs die kus tot digby die dorpe gevaar. Hulle het daar aan wal gestap; en die onderkoning het aan sy skipper, Diogo d'Unhos, bevel gegee om daar in die skuite te wag en nie van die plek af weg te gaan nie. Dit wil waarlik skyn asof sy gees hom voorspel het in welke verskriklike nood hulle na die skuite sou uit-sien, en asof die bedruktheid waarmee hy die onderneming begin het, 'n voorteken van sy laaste uur was; want ná sy inwilliging aan die versoek van die edelliede wat hom aangespoor het, was al sy woorde en dade soos dié van iemand wat die dood verwag. Toe hy b.v. uit die skip in die boot klim, sê hy, om te wys dat hy teen sy sin gaan: „Waarheen neem julle my sestig jare?”

Later toe hulle langs die strand loop, sê hy daar is sand in sy skoene, en hy vra vir Joano Gonçalves, sy lyfbediende, om hulle uit te trek; en toe Joano Gonçalves die een teen die ander klop om die sand uit te slaan, maak hy die opmerking: „As dom Joano de Menezes nog gelewe het en jou daardie skoene teen mekaar hoor slaan het, sou hy g'n stap verder gegaan het nie, al was dit ook in 'n slag wat grootliks tot sy eer sou strek; maar daar ek meer in God glo as in sulke illusies, sal ek my reis voortsit.” Hy het hier gesinspeel op

**B**

'n feit wat algemeen in die koninkryk bekend is, nl. dat dom Joano de Menezes aan twee slegte voortekens geglo het: die klop van twee skoene teen mekaar, en dat Dinsdag 'n ongelukkige dag was. Die verklaring hiervan is as volg: dom Joano was hooflyfwag van die prins dom Alfonso toe hy by Santarem van sy perd geval het en aan die gevolge oorlede is; en terwyl hulle twee naas mekaar op die wal van die Taag by Alfange ry, begin 'n knaap wat in die Taag geswem het, sy skoene teen mekaar te klop om die sand uit te kry, en net toe val die prins van sy perd; en dit was op 'n Dinsdag. Dus, as gevolg van hierdie ongeluk het dom Joano altyd aan die twee slegte voortekens geglo, en dit was so alom bekend in die koninkryk dat toe hy in Arsilla<sup>(1)</sup> en later in Asamor<sup>(1)</sup> kaptein was, die inwoners seker was dat hy niks op 'n Dinsdag of as hy twee skoene teen mekaar hoor slaan, sou onderneem nie.

Hiervan was hulle so oortuig dat toe dom Joano in Arsilla 'n aanval op 'n paar dorpe wou maak . . . en die inwoners, omdat dit winter was en baie gereent het, nie graag wou saamgaan nie, vier van hulle 'n plan gemaak het en 'n jongkêrel gekry het om by die poort van die stad skoene teen mekaar te klop nes dom Joano daardeur ry, want

---

(<sup>1</sup>) Arsilla en Asamor is twee hawestadjies op die westkus van Morokko. Die Portugese het in dié streke gesag uitgeoefen. Hulle verowering van Morokkaanse gebied, wat in 1415 by Ceuta begin het, het aanleiding gegee tot die ontdekkingsstogte; en die verval van hulle mag het ook hier begin, toe in 1579 koning Sebastiaan deur die More by Alkasar verslaan is en self in die slag gebly het



hulle wou hom so keer. Maar dom Joano het deur die plan gesien, en hy het geweet dat die kêreltjie van 'n man kom wat in 'n neerlaag 'n goeie gebruik van sy bene kon maak.

Hy roep hom dus toe: „Loop sê vir jou baas dat sy straf vir wat jy nou doen, alleen sal wees dat hy sal moet saamkom; en op hierdie tog sal sy bene vir hom van meer nut wees as daardie skoene.” Daarop ry hy toe welgemoed verder; en die lis het hy geduie as 'n voorspelling van die oorwinning, wat hy inderdaad behaal het.

Die onderkoning daarenteen het nie van die skoengeklop 'n grap gemaak nie, en met teësin en in 'n treurige stemming het hy sy reis voortgesit. . . . En daar is mense wat beweer dat die siel van die mens so deur die bedruktheid of opgewektheid wat hy voel, vooraf weet wat met hom gaan gebeur; en in hierdie geval het g'n halfuur verbygegaan nie, of die slegte voorbodes van die onderkoning was verwesenlik.

Net toe hulle die neërdorp intrek, het Fernando Pereira, die seun van Reimano Pereira, gesneuwel. Party sê dit was 'n ongeluk, want hy was in een van die hutte; en een van ons manne wat buitekant was, het hom daarin gehoor, en in die gedagte dat dit 'n neër was, het hy sy spies ingestoot en hom deur die lyf gesteek. Toe die onderkoning hiervan hoor, sê hy: „As my moeilikhede met Fernando Pereira begin, dan sal dit met nog meer ophou;” en hy het bevel gegee dat die manskappe dadelik teruggeroep moes word.

Die gros van die geselskap het egter reeds deur 'n groot deel van die dorp gegaan en kom terug met 'n aantal koeie en kinders, wat hulle in die huise gekry het. Daarop verskyn toe omtrent tagtig neërs; met die eerste skrik het hulle gaan wegkruip, maar nou was hulle klaar om vir die behoud van die kinders die dood te trotseer. Toe Lourenço de Brito sien hoe woens hulle aanstorm en waarom hulle dit doen, skree hy vir dié wat die kinders wegvoer: „Laat die kalwers staan, want die koeie kom agter hulle aan; en hulle bulk nie, hulle brul.” En ofskoon party van ons mense toe die kinders laat loop het en die armsalige buit van die dorp neergegooi het, was die neërs reeds so woedend dat hulle oor alles heenspring en ons hoofmag aanval.

Hulle roep die beeste, wat aan dié soort van oorlogmaak gewend is, en begin om vir hulle te fluit en met tekens te stuur; en agter die vee beskut val hulle toe ons mense aan met hardgebrande hout-werpspiese. Party val gewond neer en is deur die beeste vertrap; en daar die meeste sonder skilde was en alleen lanse en swaarde gehad het, kon hulle in dié soort van vegtery nie veel uitrig nie, terwyl die neërs tussen die beeste uit met onmiddellike gevolg hulle wapens teen ons manskappe slinger. Hulle val so veg-veg terug en kom uitgeput by die plek waar Diogo d'Unhos volgens die bevel van die onderkoning met die skuite moes gewag het; maar hulle was nie daar nie, want 'n storm het opgekom, en die see was so onstuimig dat hy verplig geword het om die

bote terug te neem tot naby die skepe; waar ons mense dus verwag het om skuiling te kry, het hulle die dood gevind.

Hulle sak weg in die seesand en was totaal magteloos en kon hulle nie beweeg nie, terwyl die neërs op hulle afstorm so lig en rats dat hulle na voëls lyk, of liever na die beule van Satan. Hulle werp hul op die edelliede, wat uit liefde vir die onderkoning nog 'n bietjie weerstand gebied het, want die gemene volk het met die eerste buit vooruit gehardloop. Die treurigste was dat sommige gewondes, wat nie in die los sand kon loop nie, in die water vaste grond gaan soek het en dit met hulle bloed bevlek het.

In hierdie moeilike tyd, toe iedereen vir homself gesorg het, kom Jorge de Mello by die onderkoning, en hy vind hom min of meer verlate, want iedereen moes na homself kyk en het sy hande daarmee vol gehad. Daar Jorge de Mello half ontevrede met hom was in verband met sake tussen Alfonso d'Albuquerque<sup>(1)</sup> en die onderkoning, sê hy toe aan hom: „Senhor, ek sou graag party van dié by u gevind het aan wie u eer verskaf het, want nou is die tyd om weldade te vergoed;” waarop die onderkoning antwoord: „Senhor Jorge de Mello, dié wat aan my iets verskuldig was, is reeds

---

(1) Koning Manuel het Francisco d'Almeida van sy bevel in die Ooste onthef en dit aan Alfonso d' Albuquerque oorgedra. D' Almeida het egter nog eers die groot oorwinning voor Diu op die gekombineerde Mohamedasne vloot in 1509 behaal voor hy die terugreis na Portugal onderneem het. Tot kort voor sy vertrek het hy vir d' Albuquerque as 'n prisonier behandel en in die faktory by Kananon opgesluit gehou.

agtergelaat; dit is nou nie die tyd vir sulke herinneringe nie; u moet liefier aan u adellike stand dink; en ek vra u as 'n guns om by die banier van ons koninklike heer te bly en dit te red, want dit word oneer aangedaan; wat my betref, ek kan met my sonde en jare hier my lewe sluit, daar dit die wil van die Heer is."

In die tussentyd het daar reeds geval Pedro Barreto de Magalhaens, Lourenço de Brito, Manuel Telles, Martin Coelho, Antonio do Campo, Francisco Continho, Pedro Teixeira, Gaspar d'Almeida en nog meer. So lank soos hy kon, het Jorge de Mello by die vlag gestaan, en by die onderkoning tot aan sy dood. 'n Werp spies het hom die keel deurboor, nadat hy met stokke en klippe gewond was. Toe Diogo Pires, die leermeester van dom Lourenco<sup>(1)</sup>, hoor dat die onderkoning gesneuwel het, keer hy terug met die woorde: „Mag God gee dat ek nie die seun en vader moet agterlaat en met my lewe hier uitkom nie." Hy gaan toe terug na die plek waar die onderkoning lê; en daar het hy ook vir altyd gebly.

Om nou te sluit—dit was die noodlottigste gebeurtenis wat in die koninkryk plaasgevind het, want die neërs was eenhonderd-en-sewentig in getal, en ons mense eenhonderd-en-vyftig, die edelste uit die vloot. Van hierdie het meer as vyftig, waaronder twaalf kapteins, op die strand omgekom, doodgegooi met stokke en klippe, en

---

(1) Lourenço d'Almeida, die seun van die onderkoning, het in 1508 in 'n seeslag teen die Mohamedaanse vloot naby die teenswoordige Bombaai gesneuwel.

dit nogal uit die hande nie van reuse of gewapende manne nie, maar van dierlike neërs—die laagste op die hele kus; en al hulle verhewe moed en verstandige bedrywigheid, wat hulle so dikwels in Indië en baie ander plekke in skitterende krygsdade vir God en hulle koning vertoon het, het hulle hier niks gebaat nie. Slegs 'n kort entjie pad en 'n bietjie sand het hulle tot onmag verswak, sodat ons met waarheid kan sê dat hierdie twee dinge die vernaamste oorsaak van hulle dood was, want baie was so magteloos dat hulle neergeval het, en die neërs het hulle weerstandloos met groot strandklippe die hoofde verbrysel. . . .

Van dié wat ontkom het, was byna almal met dieselfde primitiewe wapens gewond, en die wonderlikste van al die wonde was dié van Jorge Lopes Bixorda, die eienaar van die skip *Santa Cruz*. Sy skedel was met 'n klip ingeslaan, en die gat op die naat was groot genoeg om 'n eier te bevat; en toe die stukke been verwyder is, kon 'n mens sy harsings sien klop. Dit was nie moontlik om hom aan boord skip gesond te maak nie. Maar gelukkig het 'n hen begin lê, en 'n neërin het 'n kind gekry; en met haar melk en die eiers van die hen is hy verpleeg, en die wond het genees.

Jorge de Mello, wat vir die sorg van die vlugtelinge verantwoordelik was ná hulle terugkeer, het die gewondes na die skepe vervoer en het daarop teruggegaan na die strand om die dooies te begrawe. Toe hy kom waar die lyk van die onderkoning lê, totaal ontkleed—want die wêreld wou dat

hy dit selfs sonder 'n doodshemp moes verlaat—, was hulle droefheid so groot om hom daar in dié ellendige toestand te sien dat dié wat daarby gestaan het, liever met hom in die dood sou gegaan het as om die eerbiedwekkende en beroemde man daar so te moet aanskou. Jorge de Mello het hom en die ander op die woeste kus begrawe en het teruggekeer na die skepe. Hy het die anker gelig en die reis na hierdie koninkryk voortgesit, waar, ná sy behoue aankoms, die hele land oor die noodlottige gebeurtenis in rou gedompel is.

Verhaal van die Skipbreuk van die  
groot galjoen, *Sint Johannes*,  
by die Land van Natal in die  
jaar 1552.

## INLEIDING.

---

Die geskiedenis van die skipbreuke aan die Suid-Afrikaanse kus in die Portugese tyd is *histories* veral belangrik omdat dit ons inligting verskaf omtrent die Bantoe en hulle uitbreiding. Die Kafferhordes, uitspatsels uit die ontsaglike meer van woeste heidendom waarmee die onbekende binneland van Middel-Afrika gevul was, dring langsaam maar seker na die suide deur en dreig om ook die betreklik leë gebied, wat later deur blankes sal bewoon word, deur oorweldigende getalle teen die Europese beskawing te sluit. Uit die berigte van skipbreukelinge kan ons vandag enigsins vasstel hoe die groot opmars plaasgevind het en welke grense die voorste vaandeldraers van die barbaarsheid van tyd tot tyd bereik het.

Teen die end van die sestiende eeu, omtrent twee geslagte voordat die Europese uitbreidingsbeweging aan die voet van Tafelberg sou begin, was die suidelike Bantoe-grens in die omstreke van die Oemsimwoeboe-rivier, maar ook die hele kusstreek tussen hierdie rivier en die Toegela, nog maar dun bevolk, en die hoë bergland aan die voet van die Drakensberge was volgens Theal se opvatting nog onbewoond. Hoe dit in die binneland gesteld was, kan ons moeilik gis; maar langs die kus suid van Natal het ons in dié tyd na alle waarskynlikheid nog slegs met voorlopers te doen.



Die verhaal van die skipbreuk van die *Sint Johannes* bevestig hierdie opvatting<sup>(1)</sup>. Die skip word deur lekkasie onveilig gemaak en strand in Junie 1552 êrens op die Suid-Afrikaanse kus naby die 31ste suidelike breedtegraad. Dit was volgens die berekening van die skipbreukelinge; maar die instrumente waarmee destyds die hoogte van die son gemeet is, was taamlik primitief; en aangesien die geselskap op hulle noodlottige tog na Delagoabaai blykbaar geen melding maak van die Oemsimwoeboe-rivier nie, kan ons met Theal aanneem dat die reis oos van die rivier begin het. Opvallend is nou dat die skipbreukelinge wekelank voortsukkel voordat hulle 'n belangrike Kafferhoof aantref. Hulle praat wel van Kaffers, maar dan moet daaraan herinner word dat die Portugese hierdie naam ook aan die Hottentotte gegee het; en buitendien was dit veral die „onbeskryflike woestheid” van die land wat die sterkste indruk op die reisgeselskap gemaak het.

Afgesien egter van sulke mededeling, waarvan die Verhaal nog meer bevat, het ons hier 'n beskrywing van menslike worsteling en smart, so dramaties en aangrypend dat dit selfs in ons geskiedenis 'n buitengewone plek inneem. Onwillekeurig dink ons aan die latere geslagte, en ons voel

---

(1) Die skipbreuk wat miskien die meeste lig op die etnografiese toestande gewerp het, was dié van die *Sint Albertus* in 1593. Die leser word verwys na die besonder interessante en belangrike berig daaromtrent in die *Records of S.E. Africa*, II, blss. 288 vv.; en sy aandag word oor die algemeen by hierdie groot uitgawe van Theal bepaal. Die romantiese sy van ons eerste historiese periode tree daarin sterk op die voorgrond.

dat daar 'n band bestaan tussen hierdie ou Portugese, doodgemartel in die ongelyke stryd teen die gevare van ons sonnige maar wrede land en sy nog wreder heidendom, en die Voortrekkers, wat gelukkig sterk genoeg was om al die gevare te kan trotseer, en wat oor skroeiende vlaktes, breë strome en hoë berge „die vlag van die Kruis,” die standaard van die beskawing, tot aan die Limpopo gedra het en die fundamente van 'n groot Suid-Afrika gelê het.

Wie die skrywer van hierdie verhaal was, is nie bekend nie. Of al sy besonderhede juis is, kan ook moeilik vasgestel word; maar hy was blykbaar goed ingelig. Die feit dat hy alleen nog na die skipbreuk van die *S. Bento* verwys, wat in 1554 plaasgevind het, en wel as 'n gebeurtenis wat nie ver in die verlede gelê het nie, skyn aan te toon dat hy in elk geval 'n tydgenoot was. Uit sy skryftrant sou 'n mens verder miskien kan aflei dat hy, soos die meeste ander Portugese beriggewers, tot die geestelike stand behoort het.

VERHAAL VAN DIE SKIPBREUK VAN  
DIE GROOT GALJOEN, *SINT JOHAN-*  
*NES*, BY DIE LAND VAN NATAL IN  
DIE JAAR 1552.(\*)

. . . Van die kus waar hulle in 31 grade<sup>(1)</sup> skipbreuk gely het, het op 7 Julie 1552 die tog in die volgende orde begin: Manuel de Sousa<sup>(2)</sup> met sy vrou en kinders en tagtig Portugese, daarby ook slawe en André Vas, die stuurman, met 'n vlag van die Kruis omhoog; donna Leonora is deur slawe in 'n draagstoel vervoer. Hierdie afdeling het voorgegaan. Agter hulle was die meester van die galjoen met die matrose en slavinne, en heel agter Pantaleano de Sà met die res van die Portugese en die slawe—omtrent tweehonderd altesaam. Die hele geselskap het bestaan uit vyfhonderd persone, waarvan eenhonderd-en-tagtig Portugese was. Op hierdie manier het hulle 'n maand lank gereis, deur teenspoed, honger en dors geteister; want gedurende die hele tyd was hulle kos die rys wat uit die galjoen gered is, en 'n bietjie vrugte wat hulle in die bosse gekry het. Die land het niks anders opgelewer nie, en hulle het niemand ontmoet van wie hulle proviesie kon

(\*) Uttreksels uit 'n anonieme Portugese pamflet in die Britse Museum deur Theal afgedruk en vertaal in *Records of South Eastern Africa*, I, blss. 108 vv.

(1) Sien Inleiding.

(2) Manuel de Sousa was die kaptein van die *Sint Johannes*.

koop nie. Die streek waardeur die tog gegaan het, was onbeskryfbaar en ongelooflik woest<sup>(1)</sup> . . .

In die tussentyd het hulle verskeie kere met die barbare in botsing gekom; en ofskoon die Kaffers altyd verslaan is, het Diogo Mendes Dourando in een geveg geval. Tot sy dood toe het hy hom soos 'n dapper krygsman geweer. Onder al die moeilikhede van die weg—waaksaamheid, honger en uitputting—het meer en meer egter begin uitsak; en eindelijk het g'n dag verby gegaan nie, of een of twee, onbekwaam om 'n stap verder te gaan, is op die strand of in die bosse agtergelaat. Hulle is later deur tiers en slange, waarvan daar baie was, verslind. Waarlik, dit was 'n bron van groot droefheid en pyn vir almal om dag ná dag aan te sien hoe dié mense nog lewendig daar in die woestyn agtergelaat is; want hy wat moes verlaat word, het vir die res van die geselskap, miskien sy vader of broers of vriende, versoek om maar verder te gaan en het hulle aan die bewaring van God toevertrou; en bitter was die smart van diegene wat hulle verwantes en vriende so aan hulle lot moes oorgee, sonder die vermoë om hulle te help en bewus daarvan dat hulle binnekort die prooi van wilde diere sou word. As dit hartverskeurend is om daarvan te hoor, hoe veel erger moes dit gewees het om dit te aanskou en te ondervind.

So het hulle dan onder groot ontberinge hulle reis voortgesit. Somtyds het hulle die land inge-

trek om oor riviere te kom of om kos te soek. Dan weer het hulle na die see teruggekeer oor hoë berge en met die grootste gevaar. En asof dit nog nie genoeg was nie, moes hulle ook veel van die Kaffers verduur. Op dié manier het hulle twee en 'n half maande gereis, so gefolter deur honger en dors dat buitengewone dinge byna dag vir dag voorgekom het, waarvan ek enkele van die merkwaardigste sal verhaal.

Dit het dikwels onder hulle gebeur dat 'n beker water van driekwart pint vir tien krusados<sup>(1)</sup> verkoop is, en 'n honderd krusados is gegee vir 'n ketel wat ses kwarte bevat het; en daar dit somtyds tot wanorde gelei het aangesien daar g'n groter kan of beker onder die geselskap was nie, het die kaptein 'n honderd krusados betaal aan die persoon wat 'n ketel vol water gaan haal, en het hy dit met sy eie hande verdeel teen ag of tien krusados per porsie van driekwart pint, een vir homself en sy vrou en kinders en die res teen dieselfde prys . . . . .

Drie maande het nou verloop vandat hulle die reis begin het met die doel om die Lourenço-Marques-rivier te bereik . . . . . Vir baie dae het hulle nou al gelewe van die wilde vrugte wat hulle kon kry, en van droë bene; en dit het dikwels in die kamp gebeur dat die vel van 'n bok vir vyftien krusados verkoop is; en uitgedroog

---

(<sup>1</sup>) Die krusado, 'n Portugese muntstuk, het destyds die waarde van ongeveer 5s. 4d. verteenwoordig. Sien Theal, *Hist. and Ethnog. of S.A.*, I, blss. 253, 390. In die middel van die agtiende eeu het die krusado 'n waarde van 2s. 3d. Sien *Records of S. E. Africa*, II, bls. 453.

soos dit was, het hulle dit in water geweek en opgeeat. Op hulle togte langs die strand het hulle van skulpe gelewe en van die visse wat die see opgespoel het. Ná drie maande het hulle 'n Kaffer ontmoet, die hoof van twee krale, blykbaar 'n waardige ou man; en sy hulpvaardigheid het bewys dat hy dit ook was. Hy het hulle gesê dat dit goed sou wees as hulle nie verder gaan nie, maar by hom bly; hy sou na sy vermoë in hulle behoeftes voorsien, want die gebrek aan voedsel was nie te wyte aan die dorheid van die land nie, maar aan die feit dat die Kaffers min saai en van die wilde beeste wat hulle doodmaak, bestaan.

Die Kaffer-koning het sterk aangedring by Manuel de Sousa en sy geselskap om by hom te bly; want, sê hy, hy maak oorlog teen 'n ander koning, deur wie se land hulle sal moet gaan, en hy wil hulle hulp hê; maar as hulle voortgaan, sal hulle seker deur dié koning, wat sterker is as hy, beroof word . . . . En terwyl hulle besig was om tot 'n besluit te kom, het hulle ses dae daar vertoef, maar skynbaar was dit beslis dat Manuel de Sousa en die groot meerderheid van sy geselskap op die pad moes sterwe; want hulle wou die raad van die koning, wat hulle gewaarsku het, nie volg nie . . . . .

Hulle besluit toe om die Lourenço-Marques-rivier te gaan seek. Min het hulle geweet dat hulle dit reeds bereik het; want dié rivier loop in drie strome na een mond toe, en hulle was toe by die eerste stroom . . . . . Daar dit onmoontlik was om sonder die goedkeuring van die koning

oor die rivier te kom, het die kaptein hom versoek om hulle in sy skuite te laat oorgaan; en hy het belowe dat hy die Kaffers wat hulle oorhelp, goed daarvoor sou betaal . . . . Die kaptein met sy vrou en kinders en dertig man met drie gewere het so oorgevaar, en die res van die geselskap ná hulle. Tothiertoe was hulle nie besteel nie, en die tog het weer begin.

Ná vyf dae het hulle die tweede rivier bereik . . . Dit was ná sononder . . . . en hulle het op 'n sanderige plek hulle kamp opgeslaan en daar die nag geslaap. Die rivier was brak, en daar was geen vars water in die nabyheid nie . . . In die nag was die dors in die kamp so groot dat hulle byna gesterf het. Manuel de Sousa wou water laat haal, maar niemand wou dit onder 'n honderd krusados vir elke ketelvol doen nie; en teen dié prys het hy hulle gestuur . . . . en dit nogal waar dit die wil van die Heer was dat water hulle voedsel sou wees. Hulle het in daardie kamp gebly, en die volgende dag teen die aand het hulle drie skuite met neërs daarin sien aankom. Van hulle is toe deur 'n neërin van die kamp, wat iets van die taal begin verstaan het, verneem dat 'n skip met mense nes hulle daar aangekom het, maar reeds weer vertrek het. Toe is die neërs op bevel van Manuel de Sousa gevra of hulle die reisigers oor die rivier sou vervoer; en die antwoord was dat dit reeds nag was (want Kaffers onderneem niks in die nag nie), maar dat hulle dit die volgende dag sou doen, mits hulle betaal word. Teen dagbreek het die neërs met vier skuite gekom,

en vir 'n paar spykers het hulle die mense begin oorbring.

Hulle sê dat in hierdie tyd die kaptein as gevolg van die gedurige waaksaamheid en veelvuldige rampe, wat swaarder op hom gedruk het as op die ander, aan sy brein gely het. En daar dit sy toestand was en hy op die oorvaart onder die indruk gekom het dat die neërs verraad wou pleeg, trek hy sy swaard teen hulle, en hy skree: „Honde! waarheen neem julle my?” By die gesig van die bloot swaard spring die neërs in die water en het byna verdrink. Sy vrou en ander mense uit sy omgewing het hom toe gesmeek om die neërs nie seer te maak nie, anders sou hulle almal verlore wees. En waarlik, wie vir Manuel de Sousa geken het, sy beleid en vriendelikheid, en hom so sien handel het, kon wel sê dat sy verstand aangetas was, want hy was altyd verstandig en versigtig; en hierna kon hy nooit meer sy mense regeer soos tevore nie. En toe hy aan die oorkant van die rivier aan wal stap, het hy erg oor sy hoof geklae; en hulle het doeke daarom gedraai. En toe het almal weer bymekaar gekom.

Daar op die wal, toe hulle weer wou verder gaan, het hulle 'n trop Kaffers gewaar geword; en dié het deur 'n Kaffermeid van Sofala aan hulle gesê dat as hulle kos wou hê, hulle saam moes gaan na 'n kraal waar die koning was, en hy sou hulle goed versorg.

Die geselskap het in hierdie tyd uit 'n honderden-twintig persone bestaan, en donna Leonora was nou een van dié wat te voet gegaan het; en ofskoon



sy 'n vrou was van adellike rang, swak en jonk, het sy die slegte en pynlike weg afgelê asof sy 'n man was, gewend daaraan om op die land te werk; en sy het dikwels die ander opgebeur en haar kinders help dra. Dit was nadat daar g'n slawe meer was om die draagstoel te dra waarin sy vroeër gereis het nie. Dit wil werklik skyn asof die genade van die Heer haar ondersteun het, anders sou dit onmoontlik gewees het vir 'n swak vrou, ongewend aan ontberinge, om so 'n lang en pynlike reis te doen en gedurig aan honger en dors onderhewig te wees—want hulle het nou meer as driehonderd uur<sup>(1)</sup> gereis, omdat hulle sulke groot ompaaie moes gaan.

Maar om terug te keer tot ons verhaal! Toe die kaptein en sy geselskap verneem dat die koning in die nabyheid was, het hulle die Kaffers as gidse gebruik; en met die grootste versigtigheid het hulle gegaan na die plek waarvan hulle gehoor het, onder God weet hoeveel folterende honger en dors. Dit was 'n uur<sup>(2)</sup> tot by die kraal waar die koning was; en toe hulle daar naby kom, het hy 'n Kaffer gestuur om te sê dat hulle nie moes binne kom nie (want dit is hulle gewoonte om altyd die woning van die koning sorgvuldig te verberg), maar dat hulle onder 'n paar bome<sup>(3)</sup>, wat hulle

---

(1) en (2) Ek vertaal die Portugese woord *legua* (Eng. *league*) met *uur*. Die afstand wat daarmee aangedui word, is iets meer as drie myl.

(3) Die rede wat hiervoor aangegee word, sal wel nie korrek wees nie. Die mededeling is egter interessant. Uit die Portugese berigte is duidelik dat die Kaffers van die sestende eeu in gebruike, ens., weinig van dié van die neentiende eeu verskil het. Piet Retief en sy mense het ook onder 'n boom afgesaal en gewag tot dat Dingaan gereed was om hulle te ontvang.

aangewys is, moes kampeer, en hy sou hulle proviesie stuur. Manuel de Sousa het dit dan ook gedaan, soos 'n vreemdeling in 'n vreemde land; want hy het nie soveel kennis van die Kaffers gehad soos ons vandag deur hierdie skipbreuk en dié van die *Sint Bento* nie, en hy het nie geweet dat 'n honderd man met gewere die hele Kafferland kan deurtrek nie, omdat hulle banger is vir 'n geweer as vir die duiwel.

Daar in hulle kamp onder die bome het hulle toe proviesie in ruil vir spykers gekry. Hier het hulle vyf dae gebly, en hulle het gemeen dat hulle hier sou kon wag totdat een of ander skip uit Indië aankom; en die neërs het ook so gesê. Toe het Manuel de Sousa die koning gevra om hom 'n huis te gee waarin hy met sy vrou en kinders kon skuiling kry. Die Kaffer het geantwoord dat hy hom een sou verskaf, maar dat al sy mense nie daar bymekaar kon bly nie, omdat daar gebrek aan kos in die land was; dat hy met sy vrou en kinders en ander uit sy mense na sy verkiesing daar kon vertoef, maar dat die res in die krale moes verdeel word, en hy sou bevel gee dat hulle van kos en huise moes voorsien word, totdat 'n skip kom. Dit het die koning uit bose opset gedaan, soos uit wat later gebeur het, sou blyk. . . . Toe die Kaffer-koning met Manuel de Sousa afgespreek het dat die Portugese in die dorpe en krale sou verdeel word, het hy hom ook gesê . . . dat dit onmoontlik was as die Portugese nie bevel kry om hulle wapens neer te lê nie, want die Kaffers was bang vir hulle as hulle die wapens sien, en hy sou hulle

in 'n huis laat sit en weer teruggee ná die aankoms van 'n Portugese skip.

Manuel de Sousa, wat baie siek en half van sy verstand af was . . . het hierop geantwoord dat hy met sy mense daarvoor sou praat. En daar die uur waarin hulle beroof sou word, aangebreek het, het hy met hulle gepraat en gesê dat hy nie verder sou gaan nie, en op een of ander manier moes hulle 'n skip of 'n ander redmiddel, soos die Heer dit mog beskik, verkry, want hierdie rivier waar hulle hul nou by bevind, was, volgens die verklaring van die stuurman André Vas, die Lourenço-Marques. Dat wie verder wou gaan, dit na sy eie goedvinde kan doen, maar hyself sou daar bly uit liefde vir sy vrou en kinders, wat van die groot ontberinge so swak was dat hulle nie meer kon loop nie; en slawe het hy nie meer gehad om hulle te help nie. Dat dit sy besluit was om met sy gesin te sterwe wanneer dit God mog behaag; en hy het dié wat wou verder gaan, versoek, as hulle 'n Portugese skip ontmoet, om hom daarvan in kennis te stel; en dié wat by hom wou bly, kon dit doen en hom vergesel waarheen hy ook mog gaan. En om die vertrouwe van die neërs te wen en nie as roofsgtige diewe deur hulle beskou te word nie, was dit nodig dat hulle hul wapens moes afgee om 'n end te maak aan die ellende wat hulle so lank verduur het. In hierdie tyd was die oordeel van Manuel de Sousa en dié wat met hom ooreengestem het, nie meer dié van redelike mense nie; want as hulle dit reg beskou het, sou hulle gesien het dat die neërs hulle nie kon bykom solank soos

hulle wapens gehad het nie. Die kaptein het toe bevel gegee dat hulle hul wapens moes neerlê, waarop, ná God, hulle enigste veiligheid berus het; en die afgee van die wapens het teen die wil van sommige geskied, en veral teen dié van donna Leonora; maar sy alleen het haar stem daarteen verhef, dus het dit weinig gebaat. Toe sê sy: „Julle lê die wapens neer, en nou beskou ek myself en al hierdie mense as verlore.” Die Kaffers neem toe die wapens en bring hulle na die huis van die koning.

Sodra die Kaffers die Portugese sonder wapens sien—want dit was hulle voorbedagte verraderlike plan—, begin hulle hul afsonderlik deur die bosse te voer en te beroof—elkeen vir dié wat aan hom afgestaan was. En toe hulle by die krale aankom, was al die Portugese kaal gesteel; en sonder iets aan is hulle met veel slae uit die dorpe uitgestoot. Manuel de Sousa was nie in hierdie geselskap nie, omdat hy met sy vrou en kinders en die stuurman André Vas en nog omtrent twintig ander by die koning gebly het; en hy het baie juwele, edelgesteentes en geld by hom gehad; en dit word gesê dat die geselskap tothiertoe met hulle saamgevoer het 'n waarde van meer as 'n honderdduisend krusados. Ná die afskeiding van Manuel de Sousa met sy vrou en kinders en die genoemde twintigtal van die res, is ook hulle onmiddellik beroof van al wat hulle gehad het; maar hulle is nie ontklee nie. Die koning sê toe aan die kaptein hy moet die res van sy geselskap gaan opsoek, want hy wou hom g'n verder kwaad aandoen nie,

en nie sy hand aan sy persoon of dié van sy vrou slaan nie. Toe Manuel de Sousa sien wat gebeur, het hy begryp wat 'n groot fout hy begaan het toe hy die wapens laat afgee het; maar hy was nou hulpeloos en moes die bevel van die koning gehoorsaam.

Die res van die geselskap, neentig in getal, waaronder Pantaleano de Sà en drie ander edeliede, ofskoon hulle almal van mekaar geskei was, het langsamerhand weer bymekaar uitgekóm; want hulle was nie erg versprei nadat die Kaffers aan wie hulle oorgegee was, hulle beroof en ontklee het nie. En ofskoon hulle in 'n treurige toestand verkeer het, sonder wapens, klere en geld om kos mee te koop, en sonder hulle kaptein, het hulle weer die reis voortgesit.

Maar nou het hulle nie meer op mense gelyk nie, en sonder iemand om die bevel te voer het hulle in wanorde langs verskillende weë aangesukkel, party deur die bosse, ander weer oor die berge, sodat hulle uitmekaar was; en by elkeen was daar net een gedagte—om sy eie lewe te red onder die Kaffers of More, want hulle het nie meer saam beraadslaag nie, en daar was ook niemand om hulle daarvoor bymekaar te roep nie. Ons kan hulle beskou as reeds verlore; en ek sal nie verder van hulle praat nie, maar terugkeer na Manuel de Sousa en sy ongelukkige vrou en kinders.

Toe Manuel de Sousa beroof en deur die koning agter sy geselskap aan gestuur was, kon hy nog, nieteenstaande hy nou geruime tyd aan sy hoof gely het, die belediging diep voel. En wat van

donna Leonora, 'n swak vrou wat haar nou in so'n haglike toestand moes bevind, en wat haar man voor haar oë mishandel moes sien en sonder die vermoë om sy gesag te laat geld of sy kinders te verdedig! Maar sy het haar gedra soos 'n vrou van gesonde verstand; en op die advies van die manne wat nog daar was, het hulle die weg deur die bosse weer ingeslaan met hulle hoop en vertroue op God alleen. In hierdie tyd was André Vas, die stuurman, nog in haar geselskap, en ook die bootsmaat, wat haar nooit verlaat het nie, en 'n paar slavinne. Hulle het gemeen dit sou die beste wees om die neentig man wat eerste beroof was, agterna te gaan; en vir twee dae het hulle hul voetspore gevolg. Donna Leonora was nou so swak en so treurig en mismoedig oor die toestand van haar man en omdat hulle agtergelaat was en nooit, dit het sy gevrees, die ander weer sou bereik nie, dat dit hartverskeurend is om daaraan te dink. En terwyl hulle so voortgaan, val die Kaffers hulle weer aan en ontklee hulle, sodat hulle niks meer gehad het om hulle mee te bedek nie. In hierdie toestand, met twee swak kindertjies om te versorg, het hulle tot die Heer geroep.

Hulle sê dat donna Leonora met slae en worsteling haar teen die Kaffers geweer het toe hulle haar klere wou wegneem, want sy wou liever deur hulle doodgemaak word as om haar nakend voor die mense te bevind; en ongetwyfeld sou sy hier gestorf het as Manuel de Sousa haar nie gesmeek het om haar te laat ontklee nie, want hy het haar daaraan herinner dat almal nakend gebore word en

dat aangesien dit die wil van God was, sy haar moes onderwerp. Donna Leonora, toe sy haar so sonder klere sien, het haar op die grond gewerp en met haar hare bedek—want dit was baie lank; en sy het 'n gat in die sand gemaak en haar tot die middel daarin begrawe, en sy het nooit weer daaraan opgestaan nie. Manuel de Sousa gaan toe na 'n ou vrou, haar voedster, wat nog 'n ou geskeurde mantel gehad het; en hy het dit van haar gevra om donna Leonora daarmee te bedek, en sy het dit aan hom gegee; maar nieteenstande dit alles wou sy nie weer opstaan van die plek waar sy haar neergewerp het toe sy sien dat sy nakend was nie.

Waarlik, ek glo nie dat iemand dit voor sy gees kan laat verbygaan sonder groot droefheid en smart nie. Om 'n dame van so'n hoë stand, die dogter en vrou van so'n geëerde edelman, so mishandel en geminag te sien! Toe die mans wat nog in hulle geselskap was, vir Manuel de Sousa en sy vrou so nakend sien, het hulle 'n entjie opsy gegaan, want hulle was skaam om hulle kaptein en donna Leonora in so'n toestand te sien. Toe sê sy aan André Vàs, die stuurman: „U sien waartoe ons nou gebring is, en dat ons nie verder kan gaan nie, maar hier vir ons sonde moet omkom; vervolg u weg en probeer om uself te red, en beveel ons aan God; as u ooit Indië of Portugal mag bereik, vertel dan daar hoe u vir Manuel de Sousa en my met my kinders agtergelaat het.” En daar hulle geensins in staat was om die droefheid van hulle kaptein of die gebrek en smart van sy vrou

en kinders te verminder nie, het hulle die reis voortgesit om hulle lewe te red.

Ná die vertrek van André Vàs het daar by Manuel de Sousa en sy vrou nog gebly Duarte Fernandes, die bootsmaat van die galjoen, en 'n paar slavinne, waarvan drie behoue in Goa aangekom het en die dood van donna Leonora beskrywe het. Dom Manuel de Sousa, ofskoon sy brein geaffekteer was, het daaraan gedink dat sy vrou en kinders niks te ete het nie; en ofskoon 'n wond in sy een been deur die Kaffers veroorsaak hom nog las gegee het, het hy in dié toestand die bosse ingegaan om vrugte vir hulle te soek sodat hulle kon eet. By sy terugkeer vind hy donna Leonora baie swak van honger en huil; want sedert die Kaffers haar klere geneem het, het sy nie van die plek opgestaan of ophou huil nie. En hy het een van die kinders dood gekry; en met sy eie hande het hy hom in die sand begrawe. Die volgende dag het Manuel de Sousa weer vrugte in die bosse gaan soek; en toe hy terugkom, vind hy donna Leonora en die ander kind ook dood en vyf slawe met groot gekerm aan die huil oor haar.

Hulle sê dat toe hy sien dat sy dood was, hy net die slavinne 'n entjie weggestuur het; en vir 'n halfuur het hy daar by haar gesit, met sy hoof op een hand geleun, sonder om 'n traan te stort of 'n enkel woord te spreek; en so het hy gesit met sy oë op haar gevestig sonder om ag te slaan op die kind. Ná die halfuur het hy opgestaan, en met die hulp van die slawe het hy 'n graf in die



sand gemaak; en nog altyd sonder om een woord te sê het hy haar met haar seun begrawe. Toe dit klaar was, het hy weer dieselfde weg ingeslaan as toe hy gaan vrugte soek het; en sonder om iets aan die slawe te sê het hy tussen die bosse verdwyn en is nooit weer gesien nie.

. . . . Van die hele geselskap, uit dié wat by Manuel de Sousa gebly het toe hy beroof is, sowel as uit die neentig wat vooruitgegaan het, het daar ontkom omtrent ag Portugese en veertien slawe, tesame met die slavinne wat by die dood van donna Leonora teenwoordig was. Onder hulle was Pantaleano de Sà, Tristano de Sousa, die stuurman André Vàs, Balthasar de Sequeira, Manuel de Castro en Alvaro Fernandes. Hulle was aan ronddwaal in die land, sonder hoop om ooit weer 'n kristelike land te bereik, toe 'n skip, waarin daar 'n famieliebetrekking van Diogo de Mesquita was, in die rivier verskyn het om ivoor te soek; en toe hy verneem dat daar verlore Portugese in die omtrek was, het hy bevel gegee om hulle te soek en het hy hulle met krale losgekoop. . . . As Manuel de Sousa nog gelewe het, sou hy ook losgekoop geword het; maar na dit skyn, was dit beter vir sy siel soos dit was, want die Heer het dit so bestier. Al dié mense het op 25 Mei 1553 in Mosambiek aangekom.

**Monomotapa en Ofir.**

## INLEIDING.

---

Baie lank het die geloof bestaan dat in die noordelike binnelande van Suid-Afrika die groot ryk Monomotapa geleë was, en van die Kaap uit is poginge aangewend om met die vors daarvan in verbinding te tree. Op kaarte word sy ryk aangedui en soms met talle van stede versier. Die Portugese bronne werp 'n interessante lig op die oorsprong van hierdie legende. Toe die Portugese in die begin van die sestiede eeu by Sofala 'n neersetting gestig het, het hulle veral met die Makaranga-Kaffers in aanraking gekom. Hulle beskrywe die stam noukeurig, en die hoof daarvan noem hulle Monomotapa of Benomotapa. Ons het hier waarskynlik te doen met 'n tiel of uitroep waarmee die Kaffers hulle koning vereer het; volgens gissinge, gebaseer op hedendaagse Bantoe-dialekte, kon dit *heer van die berg* of *hy wat roof* beteken het<sup>(1)</sup>; die Portugese het dit egter met *keiser*<sup>(2)</sup> vertaal. Hierdie verkeerde vertaling, tesame met ander oordrewe voorstellinge van die groot uitgestrektheid en rykdom van Monomotapa se land, het die genoemde legende laat ontstaan; en Monomotapa is naderhand die naam van 'n keiser-ryk.

Die Portugese stigtinge by Sofala en verder na die binneland toe, langs die Sambesie op, was die

---

<sup>(1)</sup> Vgl. Theal, 1, bls. 227.

<sup>(2)</sup> Sien bls. 44.

gevolg veral van hulle ywer om die fabelagtige goudmyne, waarvan hulle gerugte verneem het, te ontdek. Die goudstof wat die Kaffers na die kus gebring het, was vir hulle 'n bewys van die grondheid van die gerugte. So kry hulle 'n taamlik vae kennis van die ruïnes suid van die Sambesie, waarvan Simbabwe vandag die bekendste is en wat hulle reeds in verband met 'n oer-oue goudontginning deur vreemde veroweraars gebring het.

Die volgende uittreksels gee 'n indruk van die opvattinge van die Portugese omtrent die land van Monomotapa en die geheimsinnige goudrykdom daarvan. Ook sien ons hoe gebrekkig hulle kennis van die binneland nog was. Hulle het blykbaar reeds van die mere gehoor, maar hulle meen dat daar een groot meer is, waaruit feitlik al die groot Afrikaanse riviere, die Nyl, die Kongo, die Sambesie en die Limpopo, vloei. Hierdie wanbegrip word miskien weerspieël in name soos *Bahia da Lagoa* en *Rio da Lagoa* (\*).

---

(\*) Vgl. bls. 59.



Die Simabwetoring, van die ooste.

## MONOMOTAPA EN OFIR.

### I. UIT "DA ASIA" VAN JOANO DE BARROS (\*).

Die land wat ons die Koninkryk Sofala noem, is 'n uitgebreide gebied; en daaroor regeer 'n heidense vors, Benomotapa genaamd. Dit is omring deur twee lope van 'n rivier wat uit die belangrikste meer<sup>(1)</sup> in die hele Afrika vloei. Die ou skrywers wou graag inligting omtrent hierdie meer kry, omdat dit die verborge oorsprong van die beroemde Nyl is; en daaruit vloei ook ons Zaire<sup>(2)</sup>, wat deur die koninkryk Kongo loop. . . .

Die rivier wat in die rigting van Sofala vloei, verdeel in twee lope nadat dit uit die meer kom; en die een bereik die see deuskant Kaap Correntes. Ons mense het dit vroeër Rio da Lagoa<sup>(3)</sup> genoem; maar nou heet dit Espirito Santo—'n naam wat Lourenço Marques daaraan gegee het toe hy dit in 1545 gaan ondersoek het.

Die ander loop bereik die see vyf-en-twintig uur<sup>(4)</sup> anderkant Sofala en heet Cuama, ofskoon dit in die binneland die naam Sambesie dra. . . .

---

(\*) *Sierra Records of S.E. Africa*, VI, blss. 1 vv., veral 264 vv. De Barros is die mees gesaghebbende Portugese geskiedskrywer. Gebore in 1496 het hy jonk in die Indiese diens getree en belangrike betrekkinge daarin beklee. Hy het insage gehad in die joernale, briewe en rapporte van die Portugese ontdekkers en hulle opvolgers. Sy *Asia* het in vier dele tussen 1552 en 1613 verskyn.

<sup>(1)</sup> Vgl. bls. 59, aant. 15.

<sup>(2)</sup> Die Kongorivier.

<sup>(3)</sup> Vgl. bls. 59, aant. 15.

<sup>(4)</sup> Ek vertaal ook hier *legua* met „uur”, d.w.s. „uur te voet”. Vgl. bls. 26.

Die groot koninkryk Sofala lê dus ingesluit deur hierdie twee strome en die see, nes 'n eiland, met 'n omvang van sewehonderd-en-vyftig uur. . . . Die binnelande het 'n uitstekende, gematigde, gesonde en koel klimaat en is vrugbaar vir alles wat dit oplewer. Alleen die deel wat tussen Kaap Correntes en die mond van die Espirito Santo geleë is, bestaan uit groot vlaktes<sup>(1)</sup>, wat weiveld vir alle soorte van vee verskaf, maar so sonder bome is dat die mense beesmis vir brandstof gebruik en velklere dra, want die land is baie koud as gevolg van die winde wat uit die suidelike yssee waai.

Die ander deel van die land, by die Cuamarivier en verder na binne toe, is meestal bergagtig, met bome bedek, deur riviere besproei en aangenaam geleë, en is dus digter bevolk; en Benomotapa woon gewoonlik daar. Daar dit so dig bevolk is, vermy die olifante hierdie deel en soek die reeds genoemde vlaktes op, waar hulle in troppe loop byna soos koeie. En dit kan ook nie anders wees nie, want dit word gewoonlik onder die Kaffers beweer dat vier- of vyfduisend olifante elke jaar omkom; en hierdie bewering word bevestig deur die groot hoeveelheid ivoor wat van daar uit na Indië gestuur word.

Van die myne van hierdie land waar goud uitgehaal word, is dié van Manica naaste aan Sofala. Hulle is geleë in 'n vlakke, wat deur berge omring is en 'n omvang van omtrent dertig uur het. . . .

---

<sup>(1)</sup> Hall (*Prehistoric Rhodesia*, bls. 116) sê: „The 'plains' would be the great stretch of open country lying between Victoria and Enkeldoorn, which constitutes a very noticeable topographical feature in Mashonaland.”

In die myne van Manica<sup>(1)</sup>, wat ongeveer vyftig uur wes van Sofala is, kry die Kaffers dit taamlik swaar; want die streek is baie droog. Al die goud wat hier gevind word, is in die vorm van stof; en hulle moet die grond wat hulle uitgrawe, na 'n plek dra waar hulle water kan kry. . . .

Die ander myne wat verder van Sofala af lê, nl. tussen 'n honderd en tweehonderd uur, is in die distrikte Boro en Quiticuy; en in hierdie myne en die reeds genoemde riviere wat die land besproei, word groter korrels goud gekry, party in rotsare en party skoongewas deur die winterstortvloede; en dus is dit hulle gewoonte om in die somer in die stil rivierwater te duik, en veel goud word gevind in die modder wat hulle opbring. . . .

Daar die land ryk aan goud is, kon 'n groot hoeveelheid verkry word as die mense hebsugtig was; maar hulle is so lui om daarna te soek, of liever hulle begeer dit so min, dat een van dié neërs al baie honger moet wees voordat hy daarvoor sal grawe. . . .

Daar is ander myne in 'n distrik, wat Toróa<sup>(2)</sup> genoem word, of ook die Koninkryk Batua<sup>(3)</sup>. Hier regeer 'n vors met die naam Burrom, 'n va-

---

(1) Sien vir al die genoemde plekke die kaart in Hall, *Prehistoric Rhodesia*, bls. 29.

(2) *Toro* of *toróa* = Bantoe *oud*. Hall (bls. 151) bring dit in verband met die ou geboue daar.

(3) *Butua* of *Abutua* = Bantoe *Klein mensies*. Die Kaffers het hiermee die Boesmans aangedui, en Hall (bls. 84) lei hiervan af dat die bedoelde gebied nie lank tevore nie die grens van die Bantoe-opmars teen die Boesmans was. Ons kry so miskien 'n bietjie lig omtrent die uitbreiding van die Kaffers in die binneland. Vgl. Inleiding, „Die Skipbreuk van die *Sint Johannes*,” bls. 17.



saal van Benomotapa ; en sy gebied grens aan die bo-gemelde uitgestrekte vlaktes. Hierdie myne is die oudste van dié wat in die land bekend is. Hulle lê almal in die groot vlakke, en in die middel daarvan is 'n vierkantige fort <sup>(1)</sup>, van binne en buite gemessel en van verbasend groot klippe gebou ; en dit skyn asof geen kalk gebruik is om hulle aan mekaar te heg nie. Die muur is meer as vyf-en-twintig span wyd, en die hoogte is na eweredigheid nie so groot nie. Bo-oor die deur van hierdie gebou is 'n opskrif, wat enkele geleerde Moorse koopmanne, wat daarheen gegaan het, nie kon lees nie ; en hulle kon die geaardheid van die skrif ook nie bepaal nie. Hierdie gebou is amper deur heuwels omring, en bo-op hulle is nog ander ook van sulke klippe en sonder kalk opgerig ; en een van hulle is 'n toring meer as twaalf vaam hoog.

Die inboorlinge van die land noem al die geboue Simbaoe, wat in hulle taal *hof* beteken ; want elke plek waar Benomotapa vertoef, word so genoem. . . . Wanneer of deur wie hierdie geboue opgerig is, is nêrens bewaar gebly nie, omdat die bewoners van die land die skryfkuns nie ken nie. Maar hulle sê die forte is die werk van die duiwel ; want in ver-

---

(<sup>1</sup>) Hierdie beskrywing van Simbabwe en sy omgewing is natuurlik nie juis nie. Die lesers word verwys na Hall, *Prehistoric Rhodesia en Great Zimbabwe*; Hall en Neal, *The Ancient Ruins of Rhodesia*; Bent, *The Ruined Cities of Mashonaland*, ens. Voorbeelde van skrif is nie by die ruienes ontdek nie, en Hall veronderstel dat die opskrif waarvan hier sprake is, slegs die nog bestaande randversiering bo aan die groot muur was

gelyking met hulle eie kundigheid en kennis skyn dit vir hulle onmoontlik dat sulke geboue mensewerk kan wees. Sommige More wat dit gesien het en aan wie Vicente Pegado, die kaptein van Sofala, ons fort daar gewys het met sy vensters en boë, sodat hulle dit kon vergelyk met die steenbewerking van die genoemde gebou, het verklaar dat die werk van ons messelaars, wat gladheid en afgewerktheid betref, nie met die ander 'n vergelyking kan uitstaan nie. Die afstand van Sofala na hierdie gebou in 'n direkte lyn na die weste is eenhonderd-en-sewentig uur, naastenby; en dit is geleë tussen de 20 graad en 21 graad suiderbreedte<sup>(1)</sup>. . . . Die More wat dit gesien het, meen dat dit baie oud is en opgerig is om die besit van die myne te verseker. . . .

Die feite skyn aan te dui dat een of ander vors wat in besit van die myne was, die bou van die forte beveel het . . . . en dat hy, met verloop van tyd en omdat sy eie koninkryk so ver verwyderd was, later sy gesag hier verloor het. . . .

Die bewoners van hierdie gebied is gewoonlik swart, met kroeserige hare; maar hulle is meer intelligent as dié van Mosambiek, Kilwa en Melinde. . . . Die gewone klere van almal bestaan uit stukke katoen, wat hier gemaak word of uit Indië kom; en daaronder is sommige van sy en gouddraad gemaak en tot twintig krusado's elk werd, maar sulke klere word deur die edelliede en die

---

(1) 'n Taamlik juiste aanduiding.

vroue gedra. En al is Benomotapa koning van die land en heer van almal; en al is sy vroue ook in dié klere gekleed, mag geen stof van vreemde maaksel sy persoon raak nie, maar al sy klere moet in die land gemaak word, want die vrees bestaan dat vreemde handewerk hom aan boosaardige invloed kan blootstel.

Hierdie koning, wat ons Benomotapa of Monomotapa noem, is soos 'n klein keiser onder ons; want dit, volgens hulle, is die betekenis van die naam. In sy hofhouding is geen groot vertoon nie . . . want die grootste versiering in sy huis is katoendoeke in die land geweef. . . . Sy mense bedien hom op die knie; en een proe sy kos, nie voor nie, maar nadat hy geëet het, van wat oorbly. As hy drink of hoes, moet almal wat teenwoordig is, hom iets goeds toewens; en waar die gelukwens gehoor word, vlie dit rond van mond tot mond, sodat die hele stad weet dat die koning gedrink of gehoos het. . . .

Die Benomotapa het offisiële musiek van hulle eie soort, waar hy ook mag wees—selfs in die veld onder 'n boom; en daar is ook vyfhonderd grapmakers onder 'n kaptein, wat by beurte buitekant die huis waar hy slaap, wag hou. Die koninklike insignia is 'n klein harkie met 'n steel van ivoor, wat hy altyd in sy gordel dra en wat vrede beteken en aandui dat almal die grond mag bewerk en die vrugte van die aarde geniet; en hy dra ook nog een of twee asgaaie, wat reg en die verdediging van sy mense voorstel.

## 2. UIT "ETHIOPIA ORIENTAL" VAN JOANO DOS SANTOS (\*).

Naby die stad Masapa is 'n baie hoë en majestueuse berg, wat die naam Fura<sup>(1)</sup> dra en waarvandaan 'n groot gedeelte van die ryk van Monomotapa sigbaar is. Om dié rede wil die koning die Portugese nie op die berg laat gaan nie, om te voorkom dat hulle gierigheid deur die uitgestrektheid en skoonheid van sy land, waarin so baie en sulke groot goudmyne verberg is, sal gewek word.

Op die top van hierdie berg staan nog oorblyfsels van ou mure en klip-gemesselde bouvalle, wat duidelik aantoon dat hier vroeër huise en sterk geboue was, soos in die hele Kafferland nie te sien is nie; want selfs die paleis van die koning is van hout en word met klei gesmeer en met strooi gedek. Die inboorlinge van hierdie streke, veral party van die oudste More, beweer dat hulle voorouers 'n tradisie nagelaat het dat hierdie ou geboue 'n faktory van die koningin van Skeba was en dat van hier af 'n groot hoeveelheid goud na haar gebring is. Dit is op die Cuama-riviere tot in die Indiese Oseaan vervoer, dan in skepe langs die kus van Ethiopië tot by die Rode See, verder in dié see op tot aan die kuste van die gebied wat aan Egipteland grens. Hier is die goud ontskeep en is oor land

---

(\*) Sien *Records of S.E. Africa*, VII, blss. 1 vv., en veral blss. 275 vv. Dos Santos het teen die end van die sestiede eeu as sendeling in Sofala en die omstreke gelewe. Sy mededeling berus dus grotendeels op eie waarneming en bevat veel oor die geaardheid en lewenswyse van die Kaffers. Sy *Ethiopia Oriental* het in 1609 verskyn.

(<sup>1</sup>) Mount Darwin (?), omtrent sewentig myl noordoos van Salisbury.

na die hof van die koningin van Skeba gebring, want, sê hulle, sy was koningin en heerseres oor 'n groot deel van Etiopië bokant Egipte; en langs die Rode See het sy haar vlote gestuur vir die goud van hierdie riviere. Ek betwyfel dit nie erg nie, want volgens die opvatting van sommige van ons ernstige skrywers het die koningin van Skeba oor die deel van Etiopië wat bokant Egipte lê, geregeer. . . .

Ander, weer, sê dat dit die bouvalle is van 'n faktory van koning Salomo en dat hy hier handelaars gehad het, wat 'n groot hoeveelheid goud uit die streke gekry het; hulle het dit dan op dieselfde riviere na die Indiese Oseaan vervoer en in skepe verder tot in die Rode See; op die kus van Arabië naby Sues het hulle dit aan wal gebring en oor land na Jerusalem, 'n reis van omtrent tagtig uur. Hulle beweer ook dat die goud van Ofir wat koning Salomo gekry het, van Fura of Afura gekom het, dat daar weinig verskil is tussen Ofir en Afura, en dat die naam in die lang verloop van tyd 'n verandering ondergaan het.

Ek weet nie met welke grond hulle die een of die ander bewering maak nie<sup>(1)</sup>; ek kan alleen sê dat daar 'n hoeveelheid fyn goud in die streke rondom

---

(1) Die geheim van die eerste goudgrawers en fortbouers van ons noordelike binneland is nog nie ontsluit nie. Soos hieruit blyk, was die Portugese oorspronklik verantwoordelik vir die teorie dat daar tussen hulle en die Bybelse goudland 'n verband bestaan. Hall is van oordeel dat die geboue deur Semiete, uit Asië en waarskynlik uit Suid-Arabië afkomstig, opgerig is. Dit is ongetwyfeld waar dat hulle nie van Bantoe-oorsprong is nie en dat die Kaffers geen oorleweringe omtrent hulle oprigting het nie.



Simbabwe, van die ooste.

die berg is en dat dit op dié riviere in daardie tye kon gestuur geword het, nes die Portugese dit nou doen, en voor hulle die More van Mosambiek en Kilwa.

Die reis moes 'n lang tyd in beslag geneem het, want die weg was toe nog nie so goed bekend soos nou nie, en hulle het ook nie sulke goeie skepe gehad nie. . . . Buitendien veroorsaak die winde hier baie oponthoud vir die skepe, want langs die hele kus van Etiopië waai slegs twee winde, een uit die ooste en een uit die weste, elkeen ses maande lank; en hulle word moessons genoem. . . . Dit is dus begryplik dat die reis, soos in die Heilige Skrif aangegee, drie jaar kon geduur het. . . . 'n Ander bewys dat die vloot van koning Salomo miskien na die kus van Etiopië gekom het om goud by Fura te kry, is dat dit ook edelgesteentes, hout vir die tempel, ape en poue saamgeneem het—want al dié dinge word op die kus gevind. By Sofala word pêrels uitgehaal, en daar is ook kosbare hout. . . . En ofskoon ek geen poue gesien het in die streke langs die kus nie, moet daar in die binnelande van hul wees, want ek het Kaffers gesien met pouvere op hulle kop. Daar is ont-saglik baie aapsoorte, en van die goud sal ek nie eens praat nie.